Hoofstuk 2

Pastorale sorg en die storie daar agter

2.1 Pastoraat: wat moet ek daaronder verstaan?

Volgens Browning (1996:55) se model is die vraag wat 'n navorser moet vra die volgende: "Hoe verstaan en lyk die konkrete situasie waarin ek myself bevind?" Die vrae wat gestel word raak al die fasette van die konkrete situasie aan en betrek die historiese situasie, asook die behoeftes en die vrae van die mense in die huidige situasie. Kortom sluit dit die bestudering van al die verskillende religieus-kulturele verhale en gebeure in wat meeding om inhoud en betekenis aan die huidige situasie te gee.

Voordat ek die vraag kan beantwoord of die narratiewe model bruikbaar is in die pastoraat, is dit nodig om weer kortliks te kyk na hoe die teologie die begrip "pastoraat", oftewel "pastorale optrede" verstaan. Die bedoeling is nie om 'n volledige geskiedenis van die ontwikkeling van die pastorale optrede weer te gee nie, maar om oorhoofs aan enkele belangrike hoofpunte daarvan aandag te gee. In die proses sal die gebruik van die Woord in die pastoraat ook aandag geniet. Gerkin (1997:23) sê die volgende: "Pastoral care as we know it today did not spring forth out of the shallow soil of recent experience. Rather, it has a long history...". Die betroubaarste bron aangaande die begin van pastorale sorg is natuurlik die Bybel (Gerkin, 1997:23). Heitink (1993:90) stem saam as hy sê: "Today's practical theology has much to learn from this tradition of pastoral theology. It contains a centuries-old treasure of

experiences, with the Scriptures as the guiding principle for faith and practice." Vanuit die Skrif en in besonder die Ou Testament word dit duidelik dat die versorging van die gemeenskap aan bepaalde ampte toevertrou is, elkeen met sy besondere taak. Hier is die onderskeiding gemaak van priester, profeet en wyse manne of vroue (oudstes). Die priesters was verantwoordelik vir die aanbidding en seremoniële lewe, die profete vir die bring van God se Woord ten opsigte van morele sake, en die wyses was op hulle beurt daarvoor verantwoordelik om raad en hulp te gee ten opsigte van die alledaagse lewe. Gerkin (1997:24) sê dat: "…each in his or her own way was vitally concerned with the care and discipline of Yhawe's people, both as a community and as individual".

Vanuit die Skrif kry ek verder die bekende "herdermodel". Dié metafoor is die duidelikste in Ps. 23 waar God beskryf word as die goeie herder wat na sy skape omsien. Heitink (1998:28) wys soos volg daarop: "De herdermetafoor gaat terug op de Joodse traditie. Zij geeft uitdrukking aan de liefdevolle zorg van Gods kant, waarmee Hij binne een Verbond met mensen omgaat." God sien om na die mens op 'n persoonlike manier en so lei en beskerm God die mens en vind ek in die herdersmotief ook iets van 'n troosmotief in die byeenbring van die verstrooide kudde. In die Psalm word die beeld van die "herder" nie eksplisiet oorgedra na die "leiers" van die dag nie. Later in die Nuwe Testament, met die koms van Christus, verwys Johannes ook in sy evangelie na Jesus as die "goeie herder". Stadig maar seker het die "herderbeeld" sy plek gekry as die beeld vir persone wat omsien en omgee vir ander. Vanaf die vroegste Christentye tot vandag word die beeld van "herder van die skape" gekoppel aan die pastorale leiers in die gelowige gemeenskap. Wanneer hierdie term dan op die pastorale werker en amp oorgedra word, word die liefdevolle styl van die pastor 'n

medium waardeur nie net die sorg van God aan die wêreld gekommunikeer word nie, maar ook die doel van hierdie sorg: die redding (heil) van menslike lewe (Louw, 1992:24). In die herderlike funksie verteenwoordig die pastoraat God se sorgsame bystand konkreet aan die mens in nood. In die pastoraat het dit gegaan om God se liefde vir die verlorene en om sodanig te red, en weer sin en betekenis in die lewe te gee. Heitink (1993:91) wys ook daarop dat reeds in die Nuwe Testament 'n elementêre vorm van pastorale teologie gevind word. Hy sê: "Men and women receive spiritual gifts (charismata), enabling them to proclaim the gospel (kerugma), to support each other in the establishment of a community (koinonia), and to be servant in the kingdom of God that is being established in this world (diakonia)."

Tydens die vroeë periode van die Christendom is die pastorale sorg in 'n groot mate beïnvloed deur die verwagting van die spoedige wederkoms. Die sorg aan die gemeenskap het veral gedraai om die reinheid van die gelowiges en die behoud van die geloof en die regte optrede in afwagting van die wederkoms. Heitink (1993:91) verwys hierna as hy sê: "But when the second coming did not materialize, they had to look for a way in which the tradition of Christ's death and resurrection – could be transmitted to the following generations, while maintaining a balance between 'remembering' and 'expecting'."

In die tweede en derde eeu, met die vervaging van die spoedige wederkoms, is die gelowige gemeenskap al meer onder druk geplaas om deel te neem aan die afgodsdiens en kultusgebruike van die staat. Die handhawing van die grense en gebruike van die Christene het nou die primêre belang van die pastorale leiers geword. "Pastoral care within the community took an air of reconciliation, as care for the community and care

of individuals were combined in modes of disciplining members of the church who failed to follow the churches rules of worship" (Gerkin, 1997:29). Twee begrippe wat hier 'n belangrike rol gespeel het, was "metanoia" (berou) en "excomologesis" (belydenis). Heitink wys ook op die minderheidsposisie wat die Christendom moes inneem binne die Romeinse Ryk, wat nadruk op die heiligheid van die gemeente in 'n vyandige wêreld meegebring het (Heitink 1998:33). Gerkin (1997:32) wys op die belangrikhéid om kennis te neem van 'n interessante ontwikkeling tydens hierdie tyd wat vir latere gebeure binne die pastorale sorg antwoorde kan bied naamlik, "…that of borrowing from an accommodating non-christian modes of thought present in the surrounding culture".

Met die aanbreek van die vierde eeu en die verandering in status van die Christelike geloof tot staatskerk, het die kerk hom skielik in die rol bevind om sy sorg ten opsigte van die Christelike gemeenskap en sy tradisies uit te brei, sodat dit die hele gemeenskap insluit. Die kerk was verantwoordelik vir die morele standaard en optrede van die mense van die hele gemeenskap. Heitink (1998:34) sê in die verband die volgende: "Wanneer de kerk staatskerk wordt ondergaat het pastoraat een verbreding. De kerk kan nu een veel nadrukkelijker stempel zetten op heel de sameleving en zo eeuwenlang grote invloed uitoefenen op de individuele levens van mensen." Die nadeel hiervan was dat die grense van die Christelike gemeenskap vervaag het. Die gebeure het verder meegebring dat die kerk sy karakter verloor het. Heitink (1993:94) verwoord dit soos volg: "But the established church was of this world." Alhoewel die voorkoms hiervan radikaal verskil van ons tyd en omstandighede, bly die probleem nog steeds om die grense van die Christengemeenskap te handhaaf en duidelik te definieer.

Die val van die Romeinse Ryk het sy eie unieke probleem meegebring. Weer eens was dit die taak van die kerk om 'n soort skyn-kulturele eenheid daar te stel. Om dit te verwesenlik, het 'n situasie aan die een kant ontwikkel met die ontstaan van die "elite-klas" wat die voortsetting van die klassieke Romeinse beskawing verteenwoordig het. Aan die ander kant was daar die armklasmense aan wie voorgeskryf is en wat geïndoktrineer is ten opsigte van hoe 'n Christelike lewenstyl moet lyk. Aan hulle is ook voorgeskryf hoe om die probleme en krisisse in hulle lewens te hanteer. Tydens hierdie era kry ons die ontstaan van verskillende monnikordes. Veral twee sentrale temas ten opsigte van die pastorale sorg het hier op die voorgrond getree. Eerstens, die klem op die individuele begeleiding van die siel van die gelowige en die klem op die regulering van die gewone lewe deur die beoefening van gebed, meditasie en geestelike dissipline. Die negatiewe gevolg van die gebeure was die outoritêre posisie van die priester (pastor) in die pastorale verhouding. Heitink (1993:94) wys op die afstand tussen die gelowiges en die ampte wat net al groter en groter geword het. Tweedens was die pastorale optrede baie meganies en voorskriftelik. Laastens het die hartseer situasie ontstaan waar die pastorale leiers ten spyte van die aandag aan die individue, nie die sosiale ongeregtighede van die tyd bevraagteken het nie.

Met die aanbreek van die Middeleeue het die sakramentalisme hoogty gevier. Die analogie tussen die pastor as "dokter van die geestelike" en die mediese dokter as "dokter van die liggaam" het sterk op die voorgrond getree. "Sacramental healing became the norm for pastoral practise" (Gerkin, 1997:40). Heitink (1998:34) verwys hierna as hy die volgende sê: "In de Middeleeuwen groeit een nieuwe vorm van boete, de biecht, prive, regelmatig en sinds 1215 voor iedereen verplicht."

Met die Reformasie het die pastorale sorg 'n radikale verandering ondergaan. Onder leiding van Luther en ander hervormers het die kerk skerp weggedraai van die sakramentalisme en die voorgeskrewe rituele vir berou en vergifnis van sonde. Daar is beweeg in die rigting van omgee vir die siele van individue in hulle soeke na verlossing. Vir Luther het die evangelie 'n individuele belydenis en 'n persoonlike betrokkenheid vereis; 'n persoonlike verhouding met God en 'n persoonlike verlossing. Heitink (1993:95) wys soos volg daarop: "The new stress on justification by faith switched the emphasis from administering the seven sacraments to the proclamation of the Word." Pastorale sorg aan mense het 'n proses geword van die fasilitering van 'n individu se persoonlike verhouding met God. Versoening van 'n individu se siel en begeleiding in die geestelike lewe het die primêre taak van die pastorale optrede geword. Die klem het sterk begin val op die betrokkenheid by 'n individu. Heitink (1998:34) maak in hierdie verband die volgende opmerking: "Wel staat bij Martin Luther de schuldvergeving centraal, maar deze wordt door hem in een gemeentelijk kader geplaatst. Zo vervangt hij het ambtelijk priesterschap door het algemeen priesterschap van alle gelovigen en maakt hij ruimte voor onderling pastoraat." Gerkin (1997:43) opper 'n belangrike aspek soos volg: "Several issues being widely debated in contemporary pastoral care circles have there roots, or at least close parallels, in the reformation period of pastoral care's history."

Voorts verwys Gerkin (1997:43) na die volgende drie gedagtes. Eerstens is ons eie tyd 'n tyd van konflik en spanning tussen die prioriteite van individualisme teenoor 'n behoefte aan koöperatiewe of gemeenskaplike ordening van die lewe. Tweedens is die vraag waar die fokus in pastorale optrede geplaas moet word - konsentreer ek op die

verlossing van 'n individu se siel, of kyk ek na die sorg van hulle wat ly onder die omstandighede/ongeregtigheid van die tyd? Derdens is daar die saak van die eeu-oue beginsel van dissipline. Die Reformasie het sterk te velde getrek teen die gedagte van pastorale sorg wat uit die paradigma van pastorale outoriteit ontwikkel het. Reeds met die Reformasie het 'n patroon begin ontwikkel van gemeenskaplike verantwoordelikheid deur kleingroepinteraksie in die pastorale optrede. Gerkin (1997:44) beklemtoon die volgende: "We who practise pastoral care are left with difficult questions as how and to what extent our ministry is to assist people in the ordering of their lives and their relationship for the community of faith and its doctrines."

Dit bring my by die "Aufklärung" wat gesien is as die begin van die modernisme. Die tydperk is gekenmerk deur die opkoms van die sekularisme: die siening dat die menslike asook die kontemporêre lewe verstaan en begryp kan word sonder om oor God te praat of die veronderstelling te maak van enige goddelike aktiwiteit in die menslike belewenis. Die tyd is verder gekenmerk deur die verskyning van die Europese filosofiese bewegings waar daar begin is om vertroue te plaas in die moontlikheid van die mens om te kan leer en die vertroue in die empiriese metodes om die waarheid te kan ondersoek. Heitink (1993:19) wys op die volgende: "An enlightened person became the subject of her or his own experience. This leads to a new understanding of religion and church that rebels against all forms of authoritarian faith... ."

Selfs die bestaan van God is gesoek in die rasionele en selfs empiriese wetenskap. Die debat tussen die geopenbaarde teologie en die empiriese wetenskap het hier begin. In

respons tot die nuwe menslike denke en praktyke het die pastorale optrede 'n nuwe weg ingeslaan, naamlik dié van 'n meer wetenskaplike, "praktiese" werkswyse. Heitink (1998:33) toon dat subjektiwiteit, self-realisering, die ontwaking van die bewuswording en bevryding in die proses prominente temas geword het.

Aangaande die pastorale sorg van die twintigste eeu sê Gerkin (1997:53) die volgende: "This is the story of our most immediate ancestors and their contributions to the pastoral care tradition. They are the persons who have shaped pastoral care as we know it today." Die belangrikste ontwikkeling in die pastorale sorg aan die begin van die twintigste eeu, in aansluiting met dit wat reeds begin het met die draai van die eeu, is eerstens die belangrikheid van die individu en tweedens die vinnige ontwikkeling in die privatisering van godsdiens. Godsdiens is nou verbind en word geassosieer met "selfontwikkeling". 'n Verdere gevolg van die proses van modernisering was die rasionalisering van die gemeenskap. Hieroor laat Heitink (1993:38) hom soos volg uit: "We owe it to the empirical shift, in particular to the rise of sociology, that processes in society can be analyzed and explained. As a result, we are able to objectify social phenomena in society." Dit was ook gedurende die tyd wat die moderne sielkunde as wetenskap sterk op die voorgrond begin tree het. Hiermee saam het verskillende bewegings soos onder andere die "Social Gospel Movement" en die "Emmaneul Movement" ontstaan. Die negatiewe kant van die bewegings was dat dit dikwels meer oor sosiale transformasie as pastorale sorg gegaan het. Gerkin (1997:60) beklemtoon dat "…however, the issues that surround the separation between pastoral psychology and social transformation do not disappear but continue to be important matters of unrenching concern for pastoral practice in our time".

Die dekades 1930 en 1940 was grootliks ’n tyd van groei vir die “clinical pastoral education movement” met sy hoogtepunt in die vyftiger-en sestigerjare. Die beweging het ’n groot rol in die pastorale (sorg) opleiding binne sowel as buite die kerk gespeel. Die klem het hier veral geval op die kliniese waarin die psigologie as vakgebied ’n baie belangrike rol gespeel het. Pastorale sorg is as ’n gespesialiseerde bediening aan individue in nood met ’n behoefte aan sorg van ’n ander aard, begin erken. Gerkin (1997:65) sê dat “…human experience, particular human relational and developmental was once again becoming a subject of theological fascination”.

Om die voortgesette groei tydens die sewentiger-en tagtigerjare te verstaan, wys Gerkin (1997:72) op die dikwels teenstrydige ontwikkeling wat plaasgevind het in die verskillende dimensies van pastorale sorg, naamlik tradisie, kultuur, individue en die Christengemeenskap. Op die vlak van sorg aan die individu het ’n breë front van ontwikkeling plaasgevind, en elke ontwikkeling het sy eie literatuur vir praktiese en metodologiese voorstelle aan die pastor die lig laat sien. Daar was boeke oor sorg aan die persoon wat rou, sterwensbegeleiding, pastorale sorg aan die jeug en selfs die bejaarde. Die negatiewe hieraan verbonde is dat dit in baie gevalle baie oppervlakkig was en dat daar eerder gefokus is op praktiese aspekte van diagnoses en maniere om die situasie te hanteer. Daar is gepraat van die *“how to”*- boeke (Gerkin, 1997:72).

’n Verdere ontwikkeling op die vlak van die individuele was die ontstaan van verskillende “counselling centres”. Pastorale sorg het vir baie die verwysing van ’n persoon na hierdie soort sentrums behels, aangesien sodanige persoon se probleem of krisis die vermoë van die pastor oorskry het. Voorbeelde van sulke sentrums is Alkohol Anoniem en die Alzheimer-groepe. In die verband sê Heitink (1998:18) die

volgende: “De differentiatie in de samenleving heeft ook geleid tot allerlei vormen van bijzonder pastoraat, in ziekenhuizen en andere instellingen, in de psychiatrie, in gevangenissen, in het leger, via de media en in bedrijven.” Terwyl hierdie spesialisasie in die pastorale sorg aan die een kant sterk ontwikkel het, het ander pastorale leiers wegbeweeg van die swaar invloed van die psigologie en psigopatologie na ’n hernude belangstelling in die sorg van die gemeenskap van gelowiges. Hier is weer gefokus op die waarde wat gevind is in die omgee van ’n gemeenskaplike konteks van sorg.

Die fokus het verby die een-tot-een-situasie van die pastor na ’n netwerk van sorg binne die kerk as ’n lewende gemeenskap verskuif. Reeds hier het die beweging kragte saamgesnoer met sosioloë en antropoloë om ’n interdissiplinêre span te vorm wat vir die gemeenskap gesorg het. Daar is na verskillende fasette van die gemeenskap gekyk, naamlik sy geskiedenis, sy identiteit en sy dinamiek van interpersoonlike interaksie.

Op kulturele vlak is besef dat die pastorale sorg nie losgemaak kan word van die morele en die etiese nie. Die pastors moet sensitief wees vir die morele en die etiese implikasies van hul eie optrede sowel as die optrede en besluite van hulle pasiënte. Kortliks, die gewaarwording van die sosiale onreg het gevra vir sosiale transformasie. Armoede, rassisme, seksisme en materiële welvaart moes onder andere aangespreek word. Daar is besef dat die taak van pastorale sorg meer holisties geïntegreer behoort te word met sosiale transformasie. Saam hiermee het die gewaarwording gekom van die wêreld se verskeie kulture met hul eie verskillende waardes, indeling van menslike ontwikkeling en kriteria vir die meet van wat goeie pastorale sorg is.

Campbell (1980:1) motiveer 'n herbesinning oor die ware aard van pastorale sorg soos volg:

> "This book is concerned with the rediscovery of pastoral care, a rediscovery made necessary by a contemporary sense of confusion about the true nature of christian caring and by a feeling of alienation from traditional understanding of the pastoral task."

Die verwarring is gedeeltelik veroorsaak deur die buitengewone sukses van die "science of man" – veral in die psigologie en die sosiologie wat antwoorde verskaf het oor die oorsake van die mens se nood en hartseer. Verdere redes vir die vervreemding is die afwesigheid van 'n teologiese konsekwentheid, die kompleksiteit van motivering en die onsekerheid van wat presies die pastorale rol is wat die herder moet vervul (Campbell, 1980:3). Op die pad vorentoe praat Campbell (1980:98) van "…this book has been an attempt to rekindle the imagination of those who believe that their vocation as Christians leads to a life of caring for others". Campbell (1980:98) se daaropvolgende woorde stem 'n mens tot nadenke:

> "I have been concerned to restore to the pastoral care a sense of indepthness to theological insight, in an attempt to counterbalance the over-reliance in contemporary literature on the theories and terminology of psygology and psychotherapy."

Campbell moedig die lesers van sy boek aan om vanuit hulle omstandighede en situasie hulle geloofservaring te benut en te gebruik, nie as 'n beperkende ortodoksie nie, maar as 'n bevrydende uitdaging van hoe hulle pastorale sorg kan verruim en uitleef teenoor ander mense.

2.2 Hedendaagse beskouing van pastorale sorg

Die afgelope twee dekades het daar heelwat ontwikkeling plaasgevind ten opsigte van die praktiese teologie en veral in die vakgebied van die pastoraat. Navoser het besluit om die uitgangspunte van vyf teoloë wat die afgelope tien jaar 'n bydrae gelewer het rondom veral die pastoraat binne die wetenskap van die praktiese teologie te ondersoek. Vervolgens word die uitgangspunte van Patton(1993), Gerkin(1997), Louw(1993), Müller(1996) en Heitink(1998) kortliks bespreek.

Patton (1993:3-4) begin sy boek ter inleiding soos volg: "Things have changed in pastoral care…while things have been changing in pastoral care, a similar phenomenon has taken place in Christian theology." Daar is reeds in hoofstuk een verwys na die drie groot paradigmas, naamlik die klassieke, die moderne en die postmoderne. Patton (1993:4) voeg die volgende by: "Although the timeframes and the contents of the paradigms are not the same I believe that one can distinguish three major paradimgs for the ministry of pastoral care: the classical, the clinical pastoral and the communal contextual."

Voordat die voorafgaande bespreek word, is dit goed om te let op Patton se mening oor die eerste twee paradigmas om dit sodoende later in hierdie navorsing in gedagte te kan hou. Die sentrale gedagte uit die klassieke paradigma om te bewaar en te herinterpreteer, sê Patton (1993:5) is die boodskap van die Bybel van 'n God wat die mens sorgsaam geskape het om in 'n verhouding met mekaar te staan en wat moet voortgaan om vir mekaar om te gee en te sorg deur na mekaar te luister en mekaar te onthou.

Aspekte van kliniese pastorale paradigma om in gedagte te hou is die volgende veronderstellings:

- Die wyse waarop ek vir iemand anders sorg, is onlosmaaklik verbind aan die wyse waarop ek vir myself sorg.
- Pastorale sorg behels altyd dat jy iemand is en dat jy iets doen.
- Jy leer die meeste van jouself en van pastorale sorg aan ander, deur jou eksperimentele en refleksiewe deelname in omgee-verhoudings.

Oor die "communal contextual" paradigma sê Patton (1993:5) dat dit beide ou en nuwe verstaanshorisonne betreffende pastorale sorg bied. Dit is oud, aangesien dit gebaseer is op die Bybelse tradisie wat God voorhou as 'n God wat omgee, en wat die mense saamsnoer as sy gemeenskap wat nie net vir mekaar omgee nie, maar die sorg en omgee na ander uitbrei. Dit is nuut, omdat dit die klem laat val op die omgee-gemeenskap en die verskillende kontekste van omgee, eerder as 'n fokus op die pastorale sorg en die werk van die leraar of dominee. In die "communal contextual" paradigma word pastorale sorg verstaan as die bediening van 'n geloofsgemeenskap wat sy lede daaraan herinner dat hulle God se kinders is wat nie vergete is nie. Pastorale sorg behoort al die elemente van die verskillende paradigmas te bevat, naamlik om gefokus/bewus te wees van die boodskap van die Woord, die mense wat die boodskap bring en dié wat dit ontvang. Laastens moet bewustheid bestaan van die konteks wat die betekenis van pastorale sorg kan beïnvloed. Patton (1993:5) sê voorts: "Thus the book presents a rethinking of pastoral care, in terms of its message, person and context and calls for the carers to remember God's action for them, to remember why they are God's people and to hear and remember those to whom they minister."

Patton (1993:6) beklemtoon dat God die mens geskape het om nie alleen met God nie, maar ook met ander mense in 'n verhouding te staan. God gaan voort om in 'n verhouding met sy skepsels te staan deur na hulle te luister, hulle te onthou, deur vir hulle te sorg en hulle in 'n verhouding met mekaar te bring om ook vir mekaar te sorg. So is 'n gelowige lidmaat deel van 'n omgee-gemeenskap, wat in navolging van God vir ander omgee en sorg - 'n gemeenskap van gelowiges wat hoor (luister) en onthou! Patton (1993:6) sê dat "...this point of view holds that the Bible does not tell us how to do pastoral care, but offers empowering themes for expression in the context for the care today".

Gerkin (1997) het opmerklik byna dieselfde vertrekpunt as die voorgaande teenoor pastorale sorg. Gerkin (1997:97) vra insgelyks die volgende: "Is there a model for pastoral care that builds on past history yet listens for the issues of the present?" Binne die stroom van die sosiaal-konstruksionisme erken Gerkin (1997:97) dat die verandering in die groter sosiale konteks die Christengemeenskap beïnvloed het en daarmee ook die behoeftes en vereistes vir "ander" pastorale praktyke.

Gerkin (1997:110) in aansluiting by Lindbeck stel 'n kulturele linguistiese model voor en sê dat

> "…the cultural linguistic model provides a frame work for maintaining a lively connection between the questions and problems that arise in the practise of pastoral care as well in practical theology. Practical theology becomes the task of maintaining the connection between the varied story of life and the grounding story of the Christian community."

In sy skematiese voorstelling plaas Gerkin (1997:111) pastorale sorg in die middel van die dialogiese opening tussen die Christelike gemeenskap se storie en die baie lewens-verhale van mense wat op die een of ander wyse aan die Christelike gemeenskap verbind is. Die plasing van die pastorale sorg in die middel van die dialoog tussen die Christelike gemeenskap en dié lewensverhale suggereer dat die belangrikste funksie van die pastorale sorg die fasilitering van die integrasie van die lewensverhale en die Christelike storie en omgekeerd is.

Tweedens is die bedoeling van die skema om aan te toon dat die dialoog tussen die lewensverhale en die Christelike storie 'n spanning of dialektiek behels. Die pastor in die model wag nie vir 'n geleentheid om die Christelike waarhede te proklameer nie, maar berei bloot die weg voor vir die waarheid rakende God om na vore te kom, of vir die genade van God om op sy eie te manifesteer. Die pastor is eerder daarop uit om verskeie oop gesprekke tussen die twee partye te fasiliteer, 'n gesprek wat die volgende insluit: die deel van gevoelens, stories van die verlede, gedeelde vrae en die soeke na outentieke verbindings tussen die twee pole. Gerkin (1997:13) beklemtoon dat "...the work of pastoral care involves responsibility for facilitating the maintenance and further development of the christian communities story and it's dialogue with it's tradition, on the one hand, and for facilitating the growth and creative development of particular life stories on the other hand".

Toekomstig sal een van die prominente aspekte van sorg in die ontwikkeling van pastorale sorg, volgens Gerkin (1997:114) "guidance" wees. Hieronder verstaan hy nie dat dit alleen gaan om die interpretasie van die Christelike tradisie en die implikasies daarvan vir die gemeenskap, morele, individue en die sosiale lewe nie. Veel

belangriker sê Gerkin (1997:114) dat "…I mean the role of interpretive guidance as it relates to facilitating the dialogical process between life stories and christian story of how life is to be lived".

Louw (1993:vii) sê op sy beurt in sy inleidende opmerkings dat "...dit gaan dus in die worsteling in die teologie en by name die pastorale teologie om die vraag hoe om die waarheid te vertolk en te verstaan in terme van die mens se ervaringswêreld sonder om terug te val in die uitgediende probleem van subjektivisme". Die mens is en bly steeds 'n "geestelike wese". Die belangrike punt waaroor dit egter gaan, is dat binne die tradisie van die pastorale bediening die mens in die totaliteit van sy bestaan in die fokuspunt staan. Omdat die kerk steeds met die veronderstelling werk dat die mens benader moet word vanuit sy basiese verhouding: sy verhouding tot God, kan die kerk nooit ophou om te besin oor die betekenis van die Godsperspektief met betrekking tot die nood van die menslike "siel" nie. Louw (1993:57) sê kortliks "...dat die pastorale ontmoeting die heil binne die "communio sanctorum" konkretiseer". Wanneer gelowiges in liefde op mekaar ingestel is, leer hulle om onderlinge verantwoordelikheid vir mekaar te aanvaar. Louw beklemtoon die onderlinge ingesteldheid op mekaar, waarin die gelowige bewus gemaak word van die gawe van die liefde.

'n Pastorale gemeente is in terme van die gawes van die Heilige Gees wesenlik 'n charismatiese gemeente wat in die liefde daadwerklik betrokke raak by die nood van mense. Volgens Louw (1993:58) moet die volgende elemente in die ontmoeting na vore kom:

- Belofte – die pastorale ontmoeting word voltrek binne die gebeure van toesegging en aanspraak. Op hierdie wyse kom die Woord van God tot mense.
- Troos – die pastorale ontmoeting laat die mens wesenlik deel in die heil en lei tot verandering en hoop.
- Sorg – die pastorale ontmoeting is die uitdrukking van die agape-liefde. Die konkrete gestalte hiervan in die priesterlike nabyheid van gelowiges aan mekaar, is empatieke ondersteuning en doelgerigte begeleiding.
- Konfrontasie – die pastorale ontmoeting bring die mens in aanraking met die waarheid van sy bestaan. Die pastorale ontmoeting lê getuienis af van die waarheid. Daarom speel vermaning en teregwysing 'n belangrike rol in die ontwikkeling van geloofsvolwassenheid.
- Volwassenheid – die pastorale ontmoeting is daarop ingestel om binne die koinonia die gelowige te ontwikkel met die oog op verantwoordelikheid, diensbaarheid en doelgerigte gedrag.

Die pastorale ontmoeting is ook gebeure met 'n eiesoortige struktuur. Hier word verwys na 'n wederkerige relasie – die pastorale bediening is die uitdrukking van God se verbondsontmoeting met die mens. 'n Grondhouding – die pastorale ontmoeting is 'n uitdrukking van God se houding jeens die mens. Dit vergestalt vir my iets van God se barmhartigheid en onvoorwaardelike genade. Die ontmoeting besit 'n element van dialoog – dit gee uitdrukking aan die mens se oproep tot verantwoordelikheid en gehoorsaamheid. Pastoraat as heilsbemiddeling van die evangelie is inderdaad 'n gespreksmatige aangeleentheid. Die ontmoeting genereer verandering. Wanneer God en mens ontmoet, laat die heil iets gebeur. Die eintlike konteks van die pastorale

ontmoeting is die liggaam van Christus. Tog vind hierdie ontmoeting nie in 'n lugleegte plaas nie. Die kerk as liggaam van Christus is ook 'n sosiale fenomeen. Via die priesterskap van die gelowige verkry die onderlinge troos 'n sosiale en politieke dimensie. Die pastorale ontmoeting is kontraktueel in dié sin dat dit 'n uitdrukking en vergestalting is van die feit dat God homself in die verbondsformule: "ek sal vir julle 'n God wees", tot hulp, troos en verandering van die mens se situasie verbind. Die pastorale ontmoeting is daarop ingestel om 'n nuwe perspektief op die huidige sake te kommunikeer. Dit moet 'n dimensie van hoop bewerkstellig.

Louw (1993:64) wys op die volgende:

> "Dit gaan dus in die pastorale ontmoeting in 'n heel besondere sin om die vertolking en verstaan van wie God vir die mens in nood is en hoe die mens self van 'n bepaalde Godsvoorstelling, konsep of beeld gebruik kan maak om God te interpreteer of te vertolk binne die konkrete omstandighede/krisis waarin hy homself bevind."

Louw stem dus saam met Veltkamp (1988:198) wat sê: "Het gaat immers om het zoeken van een weg om tot verstaan en tot verandering te komen, om in het eigen verhaal verder te komen in het licht van het Verhaal." Die pastor tree in die hermeneutiese proses op as 'n gids en is saam met mense op soek na die betekenis van 'n lewensverhaal in die lig van God se Verhaal. Die teologiese hermeneutiek poog egter sterk om 'n verband te lê tussen mense se verhale en God se Verhaal met mense. Die pastor soek as verteenwoordiger van God se Verhaal na raakpunte tussen mense se verhale en die Godsverhaal in die evangelie.

Pastoraat is dus ten diepste betrokke by die tegniek van verhaalanalise (Louw, 1993:84). Die verhaal van die gelowige bevat 'n stuk selfuitleg (hoe die mens

homself verstaan binne die gebeure), 'n stuk ander uitleg (hoe hy ander verstaan) en 'n stuk Goduitleg (hoe hy God verstaan). Hierdie eiesoortigheid van die pastorale hermeneutiek bring egter ook sy eie gevare mee. Is dit slegs die pastor wat in staat is om mense te help om hulle lewensverhale te verstaan in die lig van God se Verhaal? As daar sterk gewerk word met die veronderstelling dat die uitleg van die Godsverhaal sin sal meebring in die mens se lewensverhaal, ontstaan die vraag of dit sin maak vir die pastor en of dit sin maak vir die pasiënt en sy verhaal.

Müller (1996:i) sê in sy voorwoord dat sy filosofie is dat verhale genesing bring - genesing deur verhaalbetrokkenheid. Ware verstaan kom nie sonder die ontginning van verhale nie. In sy benadering is die verhale waarvan raakpunte ontdek word, nie alleen verstaanbaar nie, maar ook 'n veranderingsbron. So word nuwe verhale gevorm wat op hulle beurt nuwe realiteite skep. Müller (1996:7) verwys na Patton se identifisering van drie paradigmas in die geskiedenis van pastorale sorg en is van mening dat Patton se beskrywing van die huidige paradigma nie genoeg reg laat geskied aan die hermeneutiese aspek daarvan nie. Die verandering behels meer as net 'n verskuiwing weg van die individueel-gesentreerde benadering na 'n meer kontekstuele en gemeenskapsbenadering.

Müller (1996:7) huldig die volgende mening: "Dit gaan veel eerder oor 'n nuwe verstaan van verstaan." Voorts verwys Müller na Tieleman se hantering van die paradigmatiese verandering, wat hy glo, meer moontlikhede bied. Die eerste verandering is van 'n kerugmatiese na 'n deelnemende pastoraat, en die tweede van 'n terapeutiese na 'n hermeneuties georiënteerde pastoraat. Die hermeneutiese pastoraat is meer doelbewus op soek na 'n rekonstruksie van die lewensverhaal vanuit 'n

dubbele narratiewe struktuur: eerstens, die lewensverhaal en tweedens, die gemeenskap en geskiedenis van ander verhale. By die laasgenoemde is die betekenis van die geloofsverhale natuurlik ook aanwesig.

Volgens Müller (1996:10) moet hierdie hermeneutiese paradigma egter verder verruim word en hy praat van die konstruksie van 'n eko-hermeneutiese paradigma. Hiervolgens het die lewe sin wanneer dit as deel van 'n breër betekenisgeheel ervaar word. Wat in die pastorale proses moet gebeur, is dat 'n situasie van egte soeke na sin gefasiliteer word.

In die hermeneutiese paradigma val die klem op verstaan binne die konteks van die geheel, terwyl dit in die eko-hermeneutiese paradigma val op die verstaan van die geheel en die ontdek van die betekenis van die geheel-konsep binne verskeie kontekste. Müller (1996:14) sê die eko-hermeneutiese paradigma propageer 'n vorm van verstaan wat alleen moontlik is indien 'n mens in die betekenisgeheel opgeneem word. Pastoraat wat vanuit 'n eko-hermeneutiese paradigma gedoen word, mond uit in 'n pastoraat van betrokkenheid by die totale narratiewe werklikheid wat ter sprake is. Dit gaan om 'n ervaring van die geheel van die verhaal en 'n totale betrokkenheid daarby. Müller (1996:16) maak die volgende stelling: "Die pastor en die persone in terapie word mede-konstrueerders van 'n gedeelde realiteit." Hiervolgens maak dit sin dat die pastor nie die enigste en onfeilbare verteenwoordiger is van die "waarheid" nie, maar 'n medespeler in die verhaal van die soeke na die waarheid.

Heitink (1998:5) gee in sy voorwoord toe dat dinge inderdaad met 'n snelle pas verander het die afgelope paar jaar, en sê voorts: "Wat mijn visie op het pastoraat nog meer heeft beïnvloed is de culturele en maatschappelijke ontwikkeling, waardoor onze

samenleving in een steeds sterkere stroomversnelling is geraakt." Die modernisering van die samelewing gepaard met die prosesse van differensiasie, sekularisasie en individualisering het 'n groot invloed uitgeoefen op die mens en sy verhoudings. Hierdie ontwikkelings het ook nie die kerk onaangeraak gelaat nie. Heitink (1998:13) wys hierna as hy sê: "Als gevolg van de secularisatie heeft het christelijk geloof veel van zijn vanzelfsprekendheid verloren."

Onder die term "pastorale zorg" verstaan Heitink (1998:14) "sorg" soos volg: "Zorg past by een samenleving die grote nadruk legt op de eigen verantwoordelijkheid en zelfredzaamheid van de mens." In die woordjie "zorg" staan die selfstandigheid van die mens voorop. Daar is egter ook die ander kant, 'n "immateriële" kant betreffende die begrip "sorg". Hieronder verstaan Heitink (1998:14) die volgende: "Hoe een mens zich staande kan houden onder moeilijke omstandigheden en vanuit een geloofs- en levensovertuiging zin en betekenis kan geven aan zijn leven, is een zorg van de geloofsgemeenschap als geheel." Heitink kies ook vir 'n inklusiewe benadering van die begrip "pastorale sorg", waarin hy uitgaan van 'n nuwe verhouding tussen "cura generalis" en "cura specialis". Heitink (1998:18) stel dit soos volg: "Pastorale zorg versta ik primair als onderling pastoraat, vanuit de zorg die mensen elkaar verschuldigd zijn. De bijble gebruik hiervoor het beeld van de gemeente als lichaam van Christus." Die gemeente is vir hom 'n charismatiese gemeenskap waarbinne die gelowiges vir mekaar medeverantwoordelikheid aanvaar in die omgee vir en omsien na mekaar (cura generalis).

Onder die begrip "cura specialis" verstaan Heitink (1998:19): " ...een gerichtheid op de mens als individu, toegespitst op diens geestelijke functioneren". Elke mens is op

soek na sin in sy lewe. Wat iemand sinvol vind, hang saam met sy bepaalde lewensoriëntasie en hoe hy dit tot uitdrukking laat kom in 'n lewensvisie. Heitink (1998:19) verwys hierna deur te sê: "Pastoraat heeft nie zozeer betrekking op lewensbeschouwing of religie in het algemeen, maar op de wijze waarop deze begrippen vanuit de christelijke geloofstraditie worden verstaan en van hieruit hun specifieke inhoud ontvangen." In sy boek maak Heitink die keuse vir die hermeneutiese benadering wat voortbou op die kerugmatiese en terapeutiese benaderings (Heitink, 1998:21). Hy benadruk egter sterk die verhouding tussen tradisie (geloofsinhoud, fides quae) en menslike ervaring (geloofsbelewing, fides qua). Die onderlinge verhouding word uitgedruk met behulp van die begrip "bipolariteit". In die verband sê Heitink (1998:21) die volgende: "In pastorale situasies hebben we te maken met een theologisch en een psychologisch moment, twee polen die elkaar oproepen." Vanuit die bipolêre visie van die verhouding tussen teologie en psigologie, tref Heitink 'n onderskeid tussen vier verskillende funksies van pastorale sorg naamlik: "helen, bijstaan, begeleiden en verzoenen" (Heitink, 1998:21).

In deel twee van sy boek gee Heitink aandag aan die "differentiatie" wat die moderne samelewing kenmerk, naamlik die individuele, die sosiale en die publieke domein. Heitink (1998:21) maak die volgende stelling: "Pastorale zorg heeft primair te maken met de mens als individu, maar dese zorg kan niet voorbijgaan aan sociale verbaden, waarin een mens leeft." Heitink (1998:22) gaan voort deur te sê: "Deze kerkelijke setting geeft aan het pastoraat een eigen gezicht: de zorg voor mensen als leden van een geloofsgemeenschap." Rakende die praktyk gaan dit vir Heitink primêr om een "intermenselijke ontmoeting". Die lyn wat Heitink kies is dié van 'n pastorale gespreksverhouding. Hieronder verstaan Heitink (1998:23): "...een hermeneutische

relatie". Die tweede lyn is die van "pastoraat als ambacht", waarvolgens die pastor nie alleen net 'n amp beklee nie maar ook 'n "ambacht". Hy wys hier op die spanningsvolle verhouding tussen drie komponente binne pastor-wees naamlik die van amp, persoon en beroep (Heitink, 1998:250). Deur die sekularisasieproses het nie alleen net die amp en beroep onder druk gekom nie, maar ook die "persoon" van die pastor. Wanneer Heitink praat van die "persoon" van die pastor, het dit te make met die identiteit van die pastor. Heitink tref 'n onderskeid tussen persoonlike identiteit en pastorale identiteit (Heitink, 1998:251). Die persoonlike identiteit gaan om die integrasie van lewensgeskiedenis, geloofsontwikkeling en amptelike funksionering. Die spiritualiteit van die pastor is op sy beurt deel van sy pastorale identiteit - wie is ek as gelowige?

2.3 Die verhaal van Skrifgebruik in die pastoraat

Gerkin (1997:23) maak die volgende opmerking: "Our earliest pastoral ancestors are to be found among the leaders of the ancient people of Israel." Hier word 'n onderskeiding getref tussen priesters, profete en die wyse manne en vroue. In hulle opdrag/taak as leiers is daar sterk gesteun op die Woord van God as die riglyn vir die manier van aanbidding, die hantering van morele sake, en die uitleef van die persoonlike verhoudings. Daar is veral gekonsentreer om mense se lewens te rig in ooreenstemming met God se wil (Gerkin, 1997:24).

Vanaf die primitiewe kerk tot en met die Middeleeue met sy sakramentalisme is al hoe meer gebruik gemaak van voorskrifte om mense tot erkenning te bring van hulle sonde (verkeerde optrede), en hulle dan tot berou te bring. Van die werkswyse sê Gerkin (1997:40) die volgende: "Earlier manuals for priesterly administration of penance were

greatly elaborated, often with little attention to any theological grounding for the theory of care they embodied." Met die Reformasie is pertinent weggedraai van die sakramentalisme en die priesterlike boetedoening en dissiplinering. Die pastorale sorg aan mense het 'n proses geword van die fasilitering van 'n individu se persoonlike verhouding met God. Die versoening van 'n individu se siel met God en die begeleiding van die geestelike lewe van lidmate van die gemeente, het die middelpunt van die pastorale optrede geword. In die proses was die begrip "sola scriptura" veral teenwoordig. Stone (1988:63) wys hierop as hy sê: "The reformers emphasised the primacy of the Word of God. For them the word is more than just a audible message preached during worship." Die "Aufklaurüng" was die tydperk waar krities begin kyk is na die Skrif en die gesag van die Skrif. In die verband sê Gerkin (1997:45) die volgende: "The contest between revealed theology and empirical science began." Mense het eenvoudig nie meer aanvaar dat wat vir hulle gesê is, al kom dit vanuit die Skrif, die regte en enigste antwoord is nie. Hier het die sekuralisme al sterker begin ontwikkel en snel vorentoe beweeg. Die gesag van die Woord was ernstig onder verdenking in hierdie tyd.

Die volgende belangrike gebeure in die ontwikkeling van die pastoraat was die gebeure rondom die begin van die "pastoral care movement". Vanaf die begin van die beweging vir pastorale sorg was die gebruik van die Bybel 'n saak van groot erns, maar ook groot kontroversie (Capps, 1990:82). Reeds van die begin van die beweging se bestaan af is twee fundamentele beginsels vasgestel wat tot vandag toe nog erken en gereken word. Capps (1990:83) verwoord dit soos volg: "Whatever use is made of the Bible in pastoral care, it should be guided by the particular needs and circumstances of

the patient." In die tweede plek: "It's use should reflect pastoral sensitivity to the patient's physical and psychological limitations acute or chronic."

Later in die veertigerjare met die ontstaan van die "pastoral counceling movement" is 'n derde beginsel bygebring naamlik: "Whatever use is made of the Bible in pastoral care or counseling, it shoud be consistent with the counseling principles and method that inform the pastoral intervention as a whole" (Capps, 1990:83). Capps (1990:83) verwys ook hier verder na S. Hiltner wat in sy hoofstuk oor "religious resources in pastoral counseling" beklemtoon dat die gebruik van die Skrif in pastoraat moet wees om te verstaan, te aanvaar, op te klaar en saam te vat, asook om te konsolideer. Ten spyte van die algemene aanvaarding van die beginsels in latere jare, was daar twee duidelike stromings aanwesig, naamlik die "dynamic vs moral instructional use".

Binne die "dynamic"-siening is die Bybelse teks eers gekies na aanleiding van die basis van 'n pasiënt se behoefte. Van die kritiek hierteenoor was: "...should not the Bible be used to determine the need? If the Bible is God's Word, then it defines the need, and its understanding of the need may differ radically from any extra-biblical assessment of a patient's needs" (Capps, 1990:83). Hierteenoor was daar die "moral instructional use". Capps (1990:83) verwys na Adams wat sê dat: "...biblical passages need to be chosen for the specific need of the counselee, but he selects a passage for its moral, not dynamic value. In his judgement, use of the Bible should be directed towards convicting the counselee of sin and encouraging a change in moral behavior." In Adams (1972:105) se eie woorde: "God's remedy for man's problems is confession. The concealing of transgressions brings misery, defeat and ruin, but the confession and forsaking of sin will bring merciful pardon and relief." Van die kritiek

teen die "moral instructional use" is dat die pastor nooit regtig by die hart van die probleem uitkom nie. Daar word te maklik op bepaalde temas gesteun.

In sy artikel pleit Capps (1990:84) vir die herontdekking van die "Disclosive Power of the text". Vir hom moet daar na 'n vierde beginsel beweeg word. Terwyl die klem vroeër geplaas is op die interne dinamika van 'n pasiënt, is daar nie genoeg aandag gegee aan die dinamiese krag van die Bybelse teks self nie. Die dinamiese krag van die teks is al op verskeie wyses beskryf, maar een van die bruikbaarste voorstelle is die van Paul Ricoeur naamlik dat die Bybelse teks "world disclosure" is. Capps (1990:84) sê voorts: "Once we recognize that the dynamic power of a Bible text is it's capacity to disclose a world, we can also see how the Bible may play a more decisive role in pastoral care... ." Die Bybel word ingebring omdat dit 'n nuwe openbaring meebring en dit ook 'n pasiënt uitdaag om dié openbaring aan te neem. Die taak van die pastor in berading is om sy gespreksgenoot te help om hierdie nuwe moontlikheid te visualiseer en aan te gryp, eerder as om te kies om vas te hou aan die ou wêreld waarin hy veilig voel.

Dreyer (1991:156) is in haar literatuurstudie van mening dat Skrifgebruik in die pastorale sorg inderdaad problematies is. Verskeie opvattings bestaan oor die rol van die Woord in pastorale werk. Daar word soms na die wyse van Skrifgebruik verwys in terme van 'n bepaalde doel byvoorbeeld diagnosties, simbolies, wetties, dinamies, moralisties, voorskrywend, illustratief en selfs die profetiese en priesterlike Skrifgebruik. Daar word ook na die wyse van Skrifgebruik verwys in terme van die modus operandi byvoorbeeld implisiete of eksplisiete, verbale of nie-verbale, formele of informele, indirekte of direkte en gespreksmatige Skrifgebruik. Talle praktiese

aanwysings ten opsigte van die wyse waarop die Skrif gebruik word, word ook gegee, onder andere dat dit nie outoritêr, meganies of biblisisties moet wees nie, dat versigtig te werk gegaan moet word met die aanhaal van Bybeltekste, en dat bepaalde Skrifgedeeltes vir bepaalde probleme gebruik kan word.

In aansluiting by die wyse waarop die Skrif gebruik word, moet ek ook kennis neem van die effek en waarde van Skrifgebruik in die pastorale sorg. Daar moet gewaak word teen die misbruik van die Skrif wat probleme soos haastige diagnose, swak luister en oppervlakkige oplossings kan veroorsaak. So is dit ook belangrik om kennis te neem van die rol van die hermeneutiek ten opsigte van Skrifgebruik in die pastorale sorg. Die Bybel verskaf nie direkte en eenvoudige antwoorde op lewensvrae en probleme wat in die pastorale situasie voorkom nie. Daar moet beslis kennis geneem word van die verskillende hermeneutiese modelle.

In die laaste twee dekades is al meer begin fokus op die rol van die Woord in die pastoraat. Stone (1988:10) sê hieroor die volgende: “Pastoral care is not to be relagated to the fringes of ministry – as it has been by many interpreters in the history of the church – but is at the heart of the church’s proclamation of the Word.” Stone is van mening dat twee sake die Christelike sorg van ander “wêreldse” sorg onderskei. Die eerste aspek wat Christelike sorg uniek maak, is die perspektief van die pastor: “...but we approach them within a specific theological framework” en tweedens “...pastoral care occurs within the context of the Christian community” (Stone, 1988:30).

Stone (1988:41) maak die volgende voorstel: "Clearly there is a need today for the pastor in a self-conscious way to regain a theological template that will be unique to pastoral care." Hiermee word nie bedoel 'n rigiede formule of 'n konseptuele raamwerk wat vas en onbuigsaam is nie. Deur 'n paar vrae te vra en antwoorde te soek, kan die pastor 'n beter begrip kry van die pastorale situasie waarin hy homself bevind (Stone, 1988:43). Die vrae waarvan hy verwys is:

- Hoekom kom sien die persoon my vir hulp?
- Hoe verstaan die persoon God?
- Hoe sien die persoon sonde en watter rol speel sonde in sy situasie?
- Hoe sterk is die persoon se geloof?
- Hoe sien die persoon verlossing?
- Hoe voldoende is die persoon se geloofsondersteuningsbasis?
- In watter mate bestaan daar hoop vir die persoon?
- Hoeveel van 'n "vryheid" bestaan daar tussen my en die persoon?

Stone (1988:47) vra die volgende: "Where once we asked why this person is coming to me, now we ask, am I providing the greatest amount of freedom possible, or am I trying to control this person."

Die belangrikste essensie van pastorale sorg bly vir Stone die proklamering of kommunikasie van die Woord. Stone (1988:55) voel so sterk hieroor dat hy sê: "Care-giving that is therefore not something on the fringes of ministry but its very centre." Deur die Woord te kommunikeer aan 'n persoon en deur 'n persoon in 'n verhouding met God te bring, is God se manier van optrede – veral om die toekoms vir so 'n persoon oop te sluit (Stone, 1988:76).

Pattison (1988:106) begin sy hoofstuk oor "The Bible and Pastoral Care" deur die volgende te sê: "The Bible is essential to Christianity. It is the main link between contemporary Christians and their founder and his first followers." Die Bybel is die Kerk se boek en daarom het die Bybel 'n rol om te speel in pastorale sorg. Die hoofrol van die Bybel is om die bewustheid en karakter van die Christelike gemeenskap en die individue wat dit insluit, te rig en te vorm. Pattison (1988:130) huldig die volgende mening: "Pastors and those in their care are in constant dialogue with the text of scripture... .This crucially effects who they are and what they do." Daar moet egter rekening gehou word met wat Pattison (1988:30) noem "the cultural distance and strangeness of much of scripture". Kennis moet geneem word van die pluralisme en diversiteit wat voorkom in die Skrif en dat dit beslis implikasies vir die pastorale situasie het.

Pattison (1988:131) sê die volgende: " Pastors should be very careful of laying down *the* biblical line on any matter in pastoral care." Pluralisme in die Bybel reflekteer die pluralisme van godsdienstige ervarings en die persepsies van die lewe in die algemeen. Pattison (1988:132) waarsku teen die gevare om te swaar te wil leun op die absolute outoriteit van die Skrif, en stel die saak soos volg:

> "The Bible needs constant re-interpretation if it is to be related to contemporary needs and situations... Interpretations is not repeating the words of a text verbatim in each new situation, it is finding new words to convey the contemporary meaning of the text as it emerges from the critical hermeneutic dialogue."

Die implikasie van getrou wees aan die Skrif in pastorale sorg beteken nie die aanhaal van 'n klomp woorde uit die Bybel by elke geleentheid nie, maar die verdere soeke na "re-expressing new meanings" van verskillende woorde wat aansluiting by die huidige

situasie vind. Pattison (1988:132) wys dan ook op twee slaggate wat vermy moet word:

- Moenie agter die woorde van 'n Bybelse skrywer skuil om weg te kom van 'n opregte openlike ontmoeting in 'n pastorale situasie nie. Pattison (1988:132) sê hieroor die volgende: "It is tempting, if one feels inadequate, to want to do, or say, something helpful and the Bible may seem a useful resource of finding the right words."
- Die tweede slaggat is die onvermoë om te besef dat die teks kan vir die persoon wat dit kies en aanhaal 'n ander betekenis inhou as vir die persoon vir wie hy dit aanhaal.

Pattison (1988:133) is van mening: "There can be no hard and fast rules for the use of the Bible in pastoral care so that it respects the integrity of scripture and those cared for are helped on a human level."

Wimberley (1994:10) gaan op sy beurt van die volgende standpunt uit: "Often the communication between the pastoral counselor and the counselee suggests within the pastoral counselor a biblical story... Sharing such stories may be all that is needed to strike a chord within the counselee that will lead to a fruitful therapeutic session."

Volgens Wimberley is die belangrike aspek dat die pastorale berader vertroue moet hê in wat hy noem die "aansteeklikheids"-proses van storie-ontwikkeling. Wimberley (1994:10) beklemtoon die volgende: "If the story is contagion-generated, the counselee will welcome the input without feeling that something is being imposed on him or her." Sy ervaring is dat as die tydsberekening reg is en die storie waarlik aansteeklik is, begin die Bybelse storie die pastorale gebeure binnedring op 'n

transformerende wyse. Wimberly (1994:11) se model het sewe dimensies wat hy soos volg opsom:

- "Attending to the presenting problem,
- attending to the mythology, whether personal, marital or family,
- identifying the nature of the mythology,
- mapping the influence of the mythology,
- attending to the preffered story,
- setting goals,
- re-authoring the mythology."

Die doel van hierdie metodologie is om die lewe van 'n pasiënt te transformeer deur sodanige te help om aan te haak by 'n Bybelse storie wat die transformasie proses sal bevorder. Wimberley (1994:14) tref dan ook 'n onderskeid tussen wat hy noem "a non growth-authoritarian" gebruik van die Skrif en "a growth-facilitative-authoritative" gebruik van die Skrif. Onder die "authoritarian" gebruik van die Skrif word die Bybel volgens hom op so 'n wyse gebruik dat 'n patient eintlik as 'n "kind" beskou word en gefrustreer word omdat hy beperk word om sy volle potensiaal as mens te bereik of enigsins te groei. Volgens Wimberley (1994:15) moet die volgende geld: "Authoritative uses of Scripture aim to appropriate those dimensions of Scripture that support the empowering of humans to become full and responsible participants in life." Wimberley (1994:31) poog in sy model om die "dinamic and disclosive" tradisies te kombineer in die gebruik van die Skrif in pastorale sorg. Veral in die "re-authoring"-fase is die gebruik van Bybelse stories volgens Wimberley baie belangrik. Wimberley (1994:25) stel die saak soos volg:

> "Once the Bible story is introduced in the re-authoring stage, the pastoral counselor employs the methods of similarity and identification, methods of

exploring the drawing power of story, and methods of discerning expectation and challenge. All of these methods are narrative methods of counseling that I have found helpful in exploring the use of the Bible in pastoral counseling. ”

2.4 Waar staan ek en hoe nou gemaak?

In Browning (1996:55) se model behels die tweede stap die volgende vraag: “Wat behoort my praxis in die konkrete situasie te wees?” Om die vraag te beantwoord, moet ek die vrugte van die historiese en sistematiese ondersoek in kontak bring met die ontleding van die konkrete situasie waarvandaan ek vertrek het. Die simboliese en werklike norme wat vanuit die historiese sistematiese teologie na vore getree het, moet nou in ’n meer intieme verband gebring word met die spesifieke omstandighede van die situasie ter sprake.

Gergen (1999:62) beweeg in dieselfde rigting as hy sê: “...we are challenged to step out of the realities we have created, and ask significant questions what are the repercussions of the ways of talking, who gains, who is hurt, who is silenced, what traditions are sustained which are underminded.” Gerkin (1997:97) sê weer dat: “...as we have already noted, the flow of time and history inevitally brings change alongside the continuing power of traditions formed out of earlier human experience”. En dan vra hy die vraag: “Is there a model for pastoral care that builds on past history yet listens for the issues of the present?”

Die volgende vraag ontstaan: Wat uit die geskiedenis kan ons sinvol in die huidige konteks handhaaf en gebruik? Die eerste gedagte van belang glo ek, is dat die

versorging en omgee van God se mense toevertrou is aan ander mense. Mense moet hulle mede-verantwoordelikheid vir omgee en luister na mekaar aanvaar. Dit is duidelik dat met die verloop van tyd en met die ontwikkeling van pastoraat 'n situasie ontstaan het waarvolgens hulp en omgee nie noodwendig aan 'n bepaalde amp of persoon gekoppel kan word nie. Van die spesifieke ampte met 'n bepaalde verantwoordelikheid is daar beweeg na die nood van die mens wat in 'n bepaalde situasie spesifieke aandag/versorging verg. Hiermee word nie bedoel dat die pastor as "herder van die skape" sy rol en plek verloor het as die persoon wat omgee en omsien na ander mense as 'n geroepene van God nie. Ek glo die "herder" is steeds 'n mede-rolspeler saam met ander in die taak van die omgee en omsien na God se kinders.

Die verskil lê daarin dat die "herder" wel met 'n bepaalde veronderstelling/vertrekpunt by die ander betrokke raak. Die pastor bly die verteenwoordiger van God in hierdie wêreld met 'n baie besliste opdrag en boodskap wat hy moet bring. Stone (1988:30) is reg as hy die volgende sê: "Ministers, of course use various methods borrowed from secular psychology, but we approach them with a specific theological framework." Dit is die verhaal van God se betrokkenheid en omgee vir die mens wat Hy geskape het en met wie Hy 'n pad loop. Müller (1996:i) sê in sy voorwoord dat in elke verhaal daar ook "dikwels die onsigbare toutjies van God se verhaal" is. Eers as die relevansie tussen die verhaal en die Verhaal van God verhelder word, word daar werklik tot verhaal gekom.

Dit bring my by die tweede aspek van belang. In die ontwikkeling van die pastoraat het dit deur die geskiedenis al duideliker geword dat dit in die omgee van mense oor 'n veel groter konteks handel as wat gedink word. Die gemeenskap van gelowiges staan

onlosmaaklik verbind aan die groter gemeenskap wat 'n besliste invloed op die kleiner gelowige gemeenskap uitoefen. Gerkin (1997:97) sê dat "...as we have already observed of other times during which patterns of pastoral practice have changed, changes in the larger social situation alter the shape of christian communities and thereby alter the requirements and methods and modes of pastoral practices". Hierdie gebeure moet my egter nie afskrik of benoud maak nie. Daar moet eerder gepoog word om die groter konteks en sy invloed te probeer verklaar en verstaan en selfs te benut. Müller (1996:14) sê die eko-hermeneutiese paradigma skep ruimte hiervoor deur die klem te laat val op die verstaan van die geheel en die ontdek van die betekenis van die geheel-konsep binne verskeie kontekste.

In die derde plek het die gedagte begin posvat dat die gemeenskap van gelowiges nie alleen die waarheid besit nie. Die gemeenskap van gelowiges is saam met die ander op soek na die waarheid en die sin in die lewe. Volgens Müller het die lewe alleen sin wanneer dit as deel van 'n breër betekenisgeheel ervaar word (Müller, 1996:14). Die pastor bevind hom binne 'n sosiaal-konstruksionistiese denkraamwerk in 'n situasie waar hy 'n mede-konstrueerder van 'n gedeelde realiteit is (Müller, 1996:16). Die pastor is hiervolgens nie die enigste en onfeilbare verteenwoordiger van die "waarheid" nie, maar 'n medespeler in die verhaal op soek na die waarheid. Gerkin (1997:114) verwoord die soeke na sin in die lewe deur die volgende te sê:

> "By interpreture guidance I mean not simply interpretation of the Christian tradition and its implications for communal, moral, individual, and societal life...in short, I mean the role of interpretive guidance as it relates to facilitating the dialogical between life stories and the Christian story of how life is to be lived."

Vierdens moet ons kennis neem van Gerkin (1997:115) se opmerking oor die "spesialisasie" wat in die laaste paar dekades begin posvat het. Pastors is geleer om aan hulle bediening te dink as 'n versameling van gespesialiseerde funksies. Hierdie manier van dink rondom die bediening het die pastors se werk verdeel in verskillende funksies, soos byvoorbeeld prediking, onderrig, administrasie, liturgie, pastorale sorg en berading. Een van die resultate van die manier van denke was dat elkeen van die funksionele rolle mettertyd gesien is as die belangrike spesialisasie in die bediening en het selfs begin aanspraak maak op dominansie in die bedieningsopset. Gerkin (1997:115) sê verder: "Functional thinking has encouraged pastors to perceive themselves primarily from within the role and practice of their specialized functions." Gevolglik sê Gerkin (1997:115) dat: "...many pastors evidence a lack of coherence in their work, resulting in a fragmentation of purpose, confusion among often conflicting methods of operations in various functions, valuing of one function and neglect of another and the like".

In aansluiting by Patton (1993:5) behoort ek uit die geskiedenis te leer dat verskeie elemente in die pastorale sorg 'n rol speel. Verhale in die Bybel, selfs ander vreemde verhale, die mense wat die boodskap bring sowel as die mense wat dit ontvang, die konteks waarbinne alles afspeel, die sosiale strukture en die geskiedenis, is alles aspekte waarvan kennis geneem moet word. Net so belangrik soos dit is om nie een van die aspekte te ignoreer nie, net so belangrik is dit om nie een te oorbeklemtoon nie. In die soeke na SIN in die lewe van mense moet besondere aandag aan al die aspekte gegee word met die hoop dat 'n sinvolle nuwe verhaal te voorskyn sal kom. In die sosiaal-konstruksionisme sal daar gewaak moet word om nie oordadig ingestel te wees op die sosiale konteks van die dag en op die verhale van die mense en die betekenis

daarvan vir hulleself nie. In die proses moet ook nie van die ander aspekte soos die tradisie en beginsels van die verlede en die boodskap van die Woord vergeet word nie.

In die vyfde plek is dit duidelik dat die Woord nog altyd 'n belangrike rol gespeel het. Hoe die Woord gebruik is en hoe die Woord ter sprake gekom het, is nog lank nie uitgeklaar nie. Dit is egter wel duidelik dat die Woord die vermoë het om 'n nuwe, vars en verfrissende uitkoms te bewerkstellig. Die krag van die Woord moet daarom nie gering geskat word nie. In die Woord lê die potensiaal opgesluit van 'n hoop wat nooit beskaam nie. Die pastor het die voorreg om in sy pastoraat die Woord te gebruik om hierdie hoop te ontsluit en so vir mense wat vasgeval het, 'n nuwe toekoms te help skep.

2.5 Narratiewe benadering

Freedman en Combs (1996:xvii) gee in hulle inleiding erkenning aan die twee pioniers wat die metafore "narratief" en "sosiaal-konstruksionisme" bymekaargebring het, naamlik Michael White en David Epston. Hiervolgens gebruik die terapeute in die wêreld van die psigologie die narratiewe metafoor om aan mense se lewens te dink as "stories" en dan werk hulle met die mense saam om hulle lewenstories op so 'n wyse te ervaar dat dit vir hulle betekenisvol en vervullend is (Freedman & Combs, 1996:1).

Die tweede metafoor, "sosiaal-konstruksionisme", bring mee dat terapeute nadink en ondersoek instel na die maniere waarop elke mens se persoonlike, sosiale en interpersoonlike werklikheid deur die interaksie met ander mense en sosiale strukture gevorm word. Daarna word gefokus op die betekenis wat die invloed van die sosiale

werklikhede op die betekenis van mense se lewens het. White bou verder voort op Bateson se gedagte van "maps", wat veronderstel dat al ons menslike kennis van die wêreld in die vorm van verskeie "mental maps" gedra word (Freedman & Combs, 1996:15). Die voordeel wat White sien in die narratiewe metafoor is dat "...a story is a map that extends through times" (Freedman & Combs, 1996:15). Freedman en Combs (1996:16) sê voorts die volgende:

> "Listening to White, we no longer tried to solve problems. Instead, we became interested in working with people to bring forth and 'thicken' stories that did not support or sustain problems. We discovered that as people began to inhabit and live out these alternative stories, the results went beyond solving problems. Within the new stories, people could live out new self-images, new possibilities for relationship, and new futures."

Freedman en Combs (1996:17) verwys soos volg na 'n verdere invloed van die sosiaal-konstruksionisme: "We think about how cultural stories are influencing the way they interpret their daily experience and how their daily actions are influencing the story that circulate in society."

Hierdie narratiewe benadering in die sosiale wetenskappe het nie lank geneem om sy pad te vind na die praktiese teologie en by name na die vakgebied van die pastoraat nie. Heitink (1998:69) sê dat na die kerugmatiese fase en die terapeutiese fase die pastoraat hom tans in 'n nuwe hermeneutiese fase bevind, waarin die insigte uit die twee vorige fases geïntegreer word. Heitink (1998:80) sê die volgende van die narratief as een van die drie vertakkings binne die hermeneutiese stroming: "Pastoraat wordt hier geschetst in termen van een verhaal, het levensverhaal van de mensen en de verbindingen die hierin liggen met het Verhaal van God met de mensen." Die

geloofsperspektief hoef volgens Heitink nie van buite af ingebring te word nie, want dit is terug te vind in die lewensverhaal van die mens self; in die wyse waarop die persoon deur die loop van sy lewe, deur godsdiens of een of ander bepaalde geloofstradisie of lewensbeskouing positief of negatief beïnvloed is (Heitink, 1998:80). Elke mens is immers voortdurend besig om sy eie lewensverhaal te herinterpreteer in die lig van nuwe ervarings. Veltkamp (1998:18) sê in sy definisie die volgende: "In het pastoraat, waarin mensen met elkaar hun verhalen, hun hoop en hun vertwijfeling delen, gebeuren steeds nieuwe gelijkenissen van het Verhaal van God, de mensen en de wereld; gelijkenissen waarin ervaringen van mensen gestalte krijgen... ."

Binne die narratiewe benadering is dit ook belangrik om kennis te neem van die bepaalde uitgangspunte wat daar bestaan oor die realiteit. Freedman en Combs (1996:20) verwys na drie sodanige sienings. Die eerste is dat die realiteit kenbaar is – die elemente en werking van die realiteit kan akkuraat en herhaaldelik ontdek, beskryf en deur mense benut word. Tweedens is ek 'n gevangene van my eie persepsie – die pogings om die realiteit te beskryf, vertel my baie meer van myself wat besig is om die realiteit te beskryf. Derdens, kennis ontstaan binne gemeenskappe van denkers – die realiteit wat ek aanvaar, is daardie realiteit wat ek onderhandel met ander. Die narratiewe terapie is volgens Freedman en Combs (1996:20), op die derde siening gebaseer.

Die vraag is: Wat maak die praktiese teologie nou met die woord "verhale" (narratief/storie)? Veltkamp (1988:20) gaan van die volgend standpunt uit: "In het pastoraat vertellen mensen elkaar verhalen, omdat ze op soek zijn naar iets dat verloren is, of omdat ze willen veranderen... ." Voorts sê Veltkamp (1988:21): "Het is mijn ervaring dat het omgaan met bijbelse verhalen, in het bijzonder Jezus' gelijkenissen, en

het omgaan met verhale van mensen zoals die klinken in het pastoraat leidt tot ontdekkingen die voor elkaar van betekenis kunnen zijn." Binne die kragveld waarin die pastoraat geskied, is daar volgens drie pole Veltkamp (1988:107). Die pole word aangedui as drie verskillende verhale, naamlik:

- die verhaal van die pastor,
- die verhaal van die gespreksgenoot, en
- die verhaal van godsdienstradisie.

Onder die laaste verhaal verstaan Veltkamp die Verhaal met die hoofletter as die verhaal oor God en die mens soos ek dit in die Heilige Skrif vind. In die gebruik van verhale sê Veltkamp (1988:109) die volgende: "Men zou kunnen zeggen dat de pastor al luisterende een communicatieve relatie probeert aan te gaan met de ander." Pastoraat begin daar waar mense op 'n egte wyse met mekaar meeleef en Veltkamp (1988:110) sê voorts: "Daarom is in het pastoraat de ander niet pas van belang als potensiële hoorder van het evangelie, of als iemand die worstelt met een probleem, maar als mens zonder meer."

Veltkamp vra die vraag: Wat maak die pastor met die verhaal? Die pastor is sekerlik nie daar om net te luister na die verhaal van die gespreksgenoot nie. Volgens Veltkamp (1988:118) probeer die pastor as terapeut om aan die verhaal wat vasgeval het, weer rigting te gee. Dit doen die pastor volgens Veltkamp (1988:119): "...in termen van *zijn* dan van *doen.* De pastor is er, is beschikbaar in het luisteren naar het verhaal van de ander. De pastor is ook bereid om desgevraagd in dat verhaal te participeren als referent en representant van heel dat groter verband dat wij hier aanduiden als het Verhaal van God met de mensen."

In die meedeel van die Verhaal lei die pastor die gespreksgenoot tot 'n veranderingsproses in sy eie verhaal (Veltkamp, 1988:125) en "De weg van de mens tot God loopt via verhalen. Dat beteken niet alleen via mijn verhaal, maar heel nadrukkelijk ook via verhalen van anderen." In die pastoraat is ek besig met mense se verhale as fragmente van een veel groter Verhaal (Veltkamp, 1988:200). Pastoraat is om saam met mense te soek na die ware weg, te luister na hulle verhale en op hierdie wyse naby mense se leefwêreld te probeer kom.

Bons-Storm (1989:9) gaan op sy beurt van die volgende standpunt uit:

> "Een pastoraal contact heeft als bijzonderheid dat mensen, in de alledaagsheid van hun bestaan of in een crissis-situatie, zich tot een ander wenden, die op dat moment de rol van pastor krijgt, om te komen tot verstaan: verstaan van zichself, verstaan van elkaar, in het perspectief van het evangelie, opdat mensen weer weten, waartoe zij bestaan."

Bons-Storm (1989:23) beklemtoon die volgende: "Wat mensen samenbindt is, dat zij allen een leven hebben te leven, van geboorte tot sterven." Wanneer 'n mens iets begin vertel van sy/haar eie verhaal en die belewenis van die wêreld saam met ander, dan vertel die persoon eintlik 'n stukkie van sy eie biografie. Bons-Storm (1989:23) gaan voort deur te sê: "De biografie als ervaren geleefd leven, als het beleefde leven, lijkt me een bruikbare basis om duidelijker te kunnen zien wat er gebeurt in een pastorale ontmoeting." In die gespreksontmoeting word die gespreksgenote uitgedaag om hulle eie en die ander persoon se konteks van verstaan te probeer begryp en te respekteer. In die proses verstaan Bons-Storm kom elke persoon by 'n punt waar hy 'n eie waardestelsel aanvaar en 'n bepaalde posisie inneem teenoor die algemeen geldende

waardesisteem van die dag. En die waardesisteem lewer bewustelik of onbewustelik die "konteks" waarbinne die persoon sy betekenis vind (Bons-Storm, 1989:29).

Bons-Storm (1989:43) sê dat in die pastorale ontmoeting: "...twee levenslinjen ontmoeten elkaar". 'n Ontmoeting met die pastorale kwaliteit van mense wat kom tot 'n onderlinge begrip van mekaar en 'n verstaan van hoe God by die mens betrokke raak. Bons-Storm (1989:45) sê voorts: "Daarvoor is in de eerste plaatz nodig dat pastor en gesprekspartner elkaar verstaan en elkaars verhaal enigszins begrijpen, zodat ze van elkaar weten, wie ze zijn en waar ze hun mens-zijn moeten leven."

In aansluiting by die gesprek tot sover sê Lester (1995:5) die volgende: "Narrative has become a respected metaphor for conceptualizing the meaning-making nature of human beings, the process of making sense out of life's ongoing events." Binne die teologie bied die narratief nuwe perspektiewe vir die verstaan van godsdienstige ervarings. Studente in die teologie gebruik narratiewe konsepte as gereedskap vir die interpretasie van Bybelse materiaal (Lester, 1995:27). Vir Lester is die verstaan van die begrip "temporality" belangrik. Lester (1995:5) stel dit soos volg: "The first source is the concept of temporality, the recognition that human beings experience their consciousness of time in three tenses: past, present, and future." Lester gaan hiermee van die standpunt uit dat 'n mens se identiteit gevorm word deur jou persoonlike geskiedenis soos dit vasgevang is in die stories van die verlede en voortgesit word in die voortdurende verstaan van die stories wat hier in die hede gevorm word. Maar vir hom lê die fokus veral by die proses van hoe mense hulleself projekteer in die toekoms in, met die wete dat hierdie toekomsstories 'n belangrike bydrae tot 'n persoon se kernverhaal lewer. Lester beklemtoon in hierdie verband die volgende: "One sad

consequence of our neglect of the future tense is that we fail to attend to one of the most significant themes and dynamics of vital religious experience – hope."

Die erkenning van die toekomsstories as dié belangrikste komponent van 'n persoon se lewensverhaal, is om te erken dat die Bybelse aard een van die belangrikste karaktertrekke van die narratief is. Lester (1995:36) sê voorts: "Like any plot, a person's life narrative has a next scene." In hierdie volgende toneel gaan dit vir die pastor om die Verhaal van God se hoop in die lewe van Sy kinders. Lester (1995:39) beklemtoon die volgende sterk: "Christian narrative affirms the centrality of future tense in its understanding of the sacred story. Christian narrative collects and connects the past history of God's actions from creation to incarnation and from exodus to resurrection." Vir die gelowige bly die storie van hoop van Christus se verlossing en redding, "...the story par excellence, the primary story representing the story of the Creator" (Lester, 1995:41).

Müller (1996:101) sê ook in sy model: "Storie en die gebruik van die storie is glad nie iets nuuts in die pastoraat of die terapie nie." In die narratiewe metode verskil die model wel van die bestaandes, omdat die narratiewe benadering die storie nie as bron van inligting gebruik sodat 'n ander metode vervolgens aangewend kan word om 'n persoon te verander nie. Hier word die storie verander (geherinterpreteer en geherstruktureer), en dit is al. Verandering, sê Müller (1996:102), vind plaas deur stories wat nie wil saamvloei nie herhaaldelik te herstruktureer (oorvertel en herinterpreteer), totdat dit in een storie ontwikkel. Dan het daar verandering plaasgevind en dan is die pad oopgemaak vir verandering. Die storie bied nie net allerlei wonderlike insigte sodat die terapeut al sy tegnieke kan gebruik om mense te

verander nie. Die storie word verander sodat 'n persoon weer sy eie bestaan as betekenisvol kan beleef.

Müller (1996:104) ontwikkel in sy boek 'n gespreksagenda wat nou aansluit by die karaktertrekke van enige verhaal. Aan die hand van die elemente word 'n persoon tot die vertel van sy volle verhaal gelei. Die terapeut se taak is dus om die volgende vyf bewegings uit te voer :

- Die persoon word gehelp om sy storie van nood so geartikuleerd as moontlik te vertel.
- Die terapeut lei die persoon om die storie van die verlede te vertel.
- Help die persoon om die storie van die toekoms te vertel sodat die aard van die verduisterde toekomsbeeld uitgespreek word. Müller (1996:104) sê: "...daar moet kanale oopgemaak word sodat 'bloed' tussen hierdie twee stories kan vloei...". Wanneer daar 'n beweging is tussen die stories van die toekoms en die verlede, word daar eintlik 'n nuwe teenwoordige of huidige storie geskep. Om dit te laat gebeur, moet die vierde beweging uitgevoer word.
- Herstruktureer die verlede se verhaal. Met 'n positiewe herstrukturering en nuwe punktuasie word 'n ander, meer aanvaarbare storie met dieselfde feite geskep.
- Die laaste stap is die rekonstruksie van die toekomsverhaal. Deur verbeelding moet 'n nuwe toekomsbeeld geskep word (Müller, 1996:104).

Die volgende opmerking van Müller (1996:105) is belangrik**:** "So ontstaan daar ook 'n baie natuurlike plek vir Die Storie." God se Storie kan 'n persoon help om beide sy

verlede- en toekomsstorie só te herstruktureer dat dit verbindingskanale oopmaak en dit mense in die hede laat verander. So gesien, kan God se Verhaal my help om my eie verhale te herinterpreteer. Müller verwys dan ook na die Bybelse hoop wat bou op die verlede se storie van Christus en Christus se verhaal wat mense help om hulle verlede se verhaal af te handel (Müller, 2000:42). In die afhandel en herinterpretasie van die verlede verhaal, dan eers kan die belofte van ’n nuwe hemel en ’n nuwe aarde my help om hier en nou te verander. Müller (2000:44) waarsku ewe-eens: “Met goedkoop hoop mag ons nie smokkel nie, maar sonder hoop is ons terapie ook nie pastoraal nie. Die Christelike hoop bied nie maklike, ooreenvoudigde oplossings nie. Dit hou rekening met die werklikheid van die sonde en wag daarom op God vir ’n oplossing.” En wanneer ’n mens alles van God verwag, sê Müller (2000:45) doen jy twee dinge: “...jy wag en jy doen”.

Christelike hoop hou rekening met die werklikheid van God wat telkens ’n nuwe begin kan maak met mense se “stories”. Die verbeelde toekomsverhaal is ’n kragtige middel tot verandering in die hede (Müller, 2000:99). Om die bewustheid te hê dat God êrens uit die toekoms na jou toe aan die kom is, dit is om geloof te hê.

Ganzevoort (www.ruardganzevoort.nl:2004) gaan van die volgende standpunt uit: “Pastoraat is dus gekenmerkt door die dubbele focus op het verhaal van mensen en op het verhaal van God.” Die Verhaal van God en die verhaal van die mens kan streng gesproke nie uitmekaar gehou word nie. Op verskillende maniere is hierdie verhale in mekaar ineengeweef en het betrekking op mekaar. Ganzevoort (www.ruardganzevoort.nl: 2004) wys dan ook op die spanning wat bestaan tussen die ervaring (as die verhaal van die mens) en die openbaring (as die Verhaal van God).

Die betekenis en funksie van pastoraat kan geformuleer word, sê Ganzevoort (www.ruardganzevoort.nl:2004) "...als een afgeleide van de dialoog van de pastorant met God en van haar of zijn reflectie daarop".

In die pastoraat as verkondiging is dit belangrik dat die pastor gefokus en gerig bly op die verhaal van die gespreksgenoot. Ganzevoort (www.ruardganzevoort.nl:2004) beklemtoon die saak soos volg: "Uiteindelijk draait het dan niet om de dialoog tussen pastor en pastorant, maar om de innerlijke dialogen van de pastorant, en om de dialoog van onze gesprekspartner met God." Wanneer Ganzevoort verwys na die teologiese kwaliteit van die pastorale gesprek, begin hy interessant genoeg nie by die pastor/predikant, nie maar by die rol van die gespreksgenoot (pastorant) as teoloog. Ganzevoort (www.ruardganzevoort.nl:2004) verduidelik dat hy die woord "teologie/teoloog" hier gebruik "...in een letterlijke – en klassieke zin als spreken over God". Daarmee wil hy twee belangrike aksente beklemtoon:

- In die eerste plek moet dit lei tot 'n nederige posisie van – daar is geen poging om te kom tot 'n wetenskap van God of ware Godskennis nie.
- Tweedens gaan dit om 'n keuse van dit is gewoon 'n "eenvoudige" gesprek oor God, met die erkenning dat om oor God in 'n gesprek te tree nie beteken ek is "Godsgeleerd" nie.

In die verhale van mense is daar verskillende aspekte wat hulle help om oor God 'n gesprek te kan voer waarvan kennis geneem moet word, naamlik "...betekenisverlening, zingeving, spiritualiteit en religie" en Ganzevoort (www.ruardganzevoort.nl:2000) sê voorts: "In terme van een narratiewe theorie: mense vertellen zichzelf en anderen verhalen waarin ze proberen hun leven te verstaan in een

zinsamenhang." Die erkenning van die gespreksgenoot as "teoloog" help die pastor om in die dialogiese gesprek nie die teologiese gehalte van die gebeure te versmal tot die neiging dat die pastor met 'n boodskap moet kom en hy voel hy is verantwoordelik as pastor om die Woord van God te spreek nie. Wag en luister eerder waarmee die gespreksgenoot na vore kom.

Ganzevoort (www.ruardganzevoort.nl:2000) sê:

> "We zoeken juist een theologisch gefundeerde en geëxpliciteerde pastorale dialoog die volop uitgaat van eerbied voor het geheim van God en voor het geheim van de ander. Juist vanuit het geloof in de God die niet te grijpen is in ons handelen kan een pastorale visie ontwikkeld worden die inzet en blijft bij de gesprekspartner als subject. Als we over God spreken – en dat is theologie – dan doen we binnen het verhaal van de ander."

Vir Ganzevoort bly beide die amptelike en persoonlike dimensie van belang. In die gespreksgenoot se woorde is Ganzevoort op soek na wat hy noem "teologisch gereedskap" wat help bydra tot die verdieping van die pastorale gesprek. In sy model verwys Ganzevoort (www.ruardganzevoort.nl:2000) na die volgende drie dimensies:

- Struktuur. Hier gaan dit om die ordening van feite, die tydsverloop en samevatting waarin dinge geplaas word.
- Perspektief. Hier word die vraag gevra na watter diskoerse ter sprake is en wie die mag het om diskoerse te bepaal.
- Rolverdeling. Hier word die vraag weer gevra na wie in die verhaal genoem word, en wie nie, en hoe die verteller elke persoon in die verhaal plaas.

Ganzevoort (www.ruardganzevoort.nl:2000) sê in die verband die volgende: "Dat laatste is van belang, omdat het bij pastoraat uiteindelijk daarom gaat dat de

gesprekspartner meer en nieuwe mogelijkheden vindt om in het eigen leven te spreken over God."

2.6 Samevatting

In die hoofstuk is die historiese ontwikkeling van die pastoraat, asook die rol van Skrifgebruik in die pastoraat in breë trekke weergegee. Die verskillende religieus-kulturele verhale en gebeure wat meeding om inhoud en betekenis te gee aan die verskillende situasies wat ontstaan het, is bespreek. Volgens Browning se model is dit die eerste vraag wat ek moet beantwoord: Hoe verstaan ek die konkrete situasie waarin ek myself bevind? Die vrae wat hier gestel is, behels die historiese, die verwysings raamwerke en behoeftes van mense in hulle spesifieke situasies, en dit wat daaruit ontwikkel het.

Vanuit die historiese ontwikkeling is dit duidelik dat die sorg en omgee vir God se kinders aan bepaalde ampte/persone toegeken is. Hierdie persone is inderdaad gesien as God se verteenwoordigers in die wêreld. In die uitoefening van die sorg is die klem ook gelê op die heilsboodskap van God wat verkondig moes word. In die pastoraat het dit gegaan om God se liefde vir die verlore mens en om sodanige te red en weer sin en betekenis in die lewe te gee. Deur die eeue is dit ook opvallend hoe die sosiale omstandighede 'n belangrike invloed uitgeoefen het, nie net in die siening en rol van wat die pastoraat is nie, maar ook in die rol wat die pastor speel as verteenwoordiger van God in die wêreld.

In die laaste dekades is al hoe meer kennis geneem van die breër konteks en gebeure waarbinne die pastoraat geskied. So is aan die pastoraat begin dink in terme van die boodskap, die mense betrokke en die konteks waarbinne dit moet geskied. In die tyd is ook al meer kennis geneem daarvan dat die gemeenskap van gelowiges nie alleen die waarheid besit nie. Die gelowiges is saam met ander op soek na die waarheid en die sin in die lewe.

Die tweede stap het die volgende vraag behels: Wat behoort my praxis in die konkrete situasie te wees? Hier het ek die resultate van die deskriptiewe teologie en die prakties georiënteerde historiese en sistematiese teologie in kontak gebring met die konkrete situasie van die dag. Daar is gepoog om dit wat sinvol en van waarde is vanuit die verlede se konteks te benut, in 'n poging om die situasie van vandag beter te verstaan en aan te spreek. Van die begin af was die primêre bron in die pastoraat, die Woord van God. Daar is veral sterk gekonsentreer om mense se lewens te rig in ooreenstemming met God se wil. In die gebruik van die Skrif het die pendulum egter na beide kante toe geswaai. Daar was 'n tyd wat die Woord baie wetties en voorskriftelik aangewend is. In die laaste twee dekades is die plek en gesag van die Woord ernstig bevraagteken. Die laaste aantal jare is die vraag na die rol en plek van die Woord in die pastoraat weer geopper. Hier is veral na die dinamiese krag van die Bybelteks self gevra. Daar is gepleit vir die "disclosive power of the text". Die Bybel is in die pastoraat gebruik om nuwe openbarings mee te bring en die gespreksgenoot te help om die nuwe moontlikhede te visualiseer en sy lewe daarvolgens te rig. In veral die narratiewe model is gevoel dat die verhaal van die Bybel nuwe horisonne vir mense kan ontsluit en hulle kan help om weer sin in die lewe te vind. Die boodskap van Hoop is gesien as 'n boodskap wat nie sal beskaam nie. Die storie is "aansteeklik" en

waar die storie op die regte tyd en plek betrek word, daar begin transformasie (verandering).

In die volgende hoofstuk word die kwalitatiewe metode gemotiveer as die wyse waarop ek die nodige inligting wil bekom om te sien hoe die pastors van vandag die Bybelse inhoude na vore laat kom in hulle beoefening van die narratief-pastorale model. Die doel hiervan is om te sien of die pastors getrou kan bly aan die unieke aard van die narratiewe model en tog verteenwoordigers van die meta-Verhaal kan wees. Ek wil vasstel of die uitgangspunt in die narratiewe pastoraat, naamlik dat die Woord van onder en op ’n sosiaal-konstruksionistiese wyse ontdek word, wel so in die praktyk na vore kom en gebruik word.